

***SO JUNG SEHEN WIR UNS NIMMER WIEDER*¹**
SEGSWYSES AS UITDRUKKING VAN IDENTITEIT
IN DIE LUTHERSE SETLAARSGEMEENSAP BY PHILIPPI

Lizette Rabe

Departement Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch 7600

***So jung sehen wir uns nimmer wieder* - Manner of speech as
expression of identity in the Lutheran Settler Community at Philippi**

Manner of speech as expression of identity is still an important element that differentiates the descendants of German settlers to Philippi on the Cape Flats from other language communities. Today's mainly Afrikaans speaking community, descendants of German settlers in the nineteenth century, still uses unique idioms and expressions as part of its vernacular. This is, in essence, a daily manifestation of its settler history, and includes expressions in German, Low German and Afrikaans that are embedded in the colloquial language which mainly consists of Afrikaans. It contributes to this community's unique identity as descendants of German settlers, as Afrikaans speakers (but not "Afrikaners"), and is the expression of a language community within the multi-lingual and multi-cultural South Africa of today. This settler community remains a unique and fascinating source for cultural historical study.

Key words: Afrikaans; culture; expressions; German; group-immigration; identity; idioms; immigration; language; Low German; proverbs; vernacular

Segswyses as uitdrukking van identiteit is steeds 'n belangrike element wat die afstammeling van Duitse setlaars na Philippi op die Kaapse Vlakte in die negentiende eeu van ander taalgemeenskappe onderskei. Vandag se hoofsaaklik Afrikaanssprekende gemeenskap, afstammeling

¹ "So jonk sien ons mekaar nooit weer nie"

van Duitse immigrante in die negentiende eeu, gebruik unieke idiomatiese uitdrukkings en segswyses as deel van hulle alledaagse omgangstaal. Dit is in essensie 'n daaglikse manifestasie van hulle setlaarsgeskiedenis, en sluit in uitdrukkings en spreekwoorde in Duits, Platduits en Afrikaans wat ingebed is in hulle omgangstaal wat hoofsaaklik uit Afrikaans bestaan. Dit dra tot die setlaarsafstammeling se unieke identiteit as Afrikaanssprekendes (maar nie "Afrikaners" nie) by, en is uitdrukking van 'n taalgemeenskap binne die multitalige en multikulturele Suid-Afrika van die hede. Dié afstammeling-gemeenskap bly 'n unieke en fassinerende bron vir kultuurhistoriese waarneming.

Sleutelwoorde: Afrikaans; Duits; groep-immigrasie; identiteit; idiome; kultuur; omgangstaal; Platduits; spreekwoorde; taal; uitdrukkings

Inleiding

Die Philippi-gemeenskap wat vandag die meerderheid van die gemeentede van die Evangelies-Lutherse gemeente Philippi op die Kaapse Vlakte en 'n belangrike persentasie van die Evangelies-Lutherse St Johannis-gemeente in Wynberg vorm, is afstammeling van Duitse immigrante wat in die negentiende eeu na die Kaap gekom het. Hulle omgangstaal vandag is hoofsaaklik Afrikaans, maar veral onder die ouer generasie is dit deurspek met idiomatiese uitdrukkings wat die Duitse kultuur-identiteit en herkoms bevestig.

Die Philippi-gemeenskap se voorouers het hoofsaaklik in drie immigrasie-"golwe" na die Wes-Kaap geïmmigreer. Die drie groepe word in die omvattende geskiedenis van die Philippi Duitse Setlaarsgemeenskap² beskryf as die Godeffroy-immigrante,³ die 1877/78-immigrante⁴ en die 1883-immigrante.⁵

Die immigrante en hulle nageslag het een landbougemeenskap by Philippi-Vlakte op die Kaapse Vlakte gevorm. Slegs 'n klein gedeelte van die oorspronklike setlaarsgebied op die groter geografiese gebied van die Kaapse Vlakte word vandag deur die afstammeling van die immigrante bewoon en bewerk.

² Sien L. Rabe, *'n Kultuurhistoriese studie van die Duitse Nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte*, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1994.

³ L. Rabe, *'n Kultuurhistoriese studie van die Duitse Nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte*, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1994, p 20.

⁴ L. Rabe, *'n Kultuurhistoriese studie van die Duitse Nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte*, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1994, p 29.

⁵ L. Rabe, *'n Kultuurhistoriese studie van die Duitse Nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte*, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1994, p 52.

Die gebied is nog tot die einde van die negentiende eeu as "onherbergsaam" en "woestynagtig" beskryf. In die somer was dit 'n "sandwoestyn" met 'n gepaardgaande stormsterk Suidooster, en in die winter moerasagtig as gevolg van die laagliggende vleilandgebiede.⁶

Ná die koms van die Duitse immigrante het die gebied algemeen as die "groentespens" van die Kaap bekend geword omdat die landbouerfamilies sogenaamd 'n "tuin" uit die duinesand van die Kaapse Vlakte geskep het.⁷

Die eerste immigrantegroep, die Godeffroy-immigrante (van 1858 tot 1862), is as individueel as knegte na plase in die Swartland gekontrakteer. Hulle het hulle ná afloop van hulle kontrakte van twee jaar in die Dieprivieromgewing op die Kaapse Vlakte gevestig, hoofsaaklik omdat 'n Lutherse kerk reeds in Wynberg bestaan het.⁸

Hulle sukses in die sandgrond het daartoe gelei dat die Britse koloniale owerheid onder leiding van John X. Merriman, wat toe kommissaris van kroongrond was, besluit het om amptelik immigranteprojekte na die Wes-Kaap te loods om die groeiende bevolking van vars groente te voorsien.⁹ Die "tweede golf" immigrante van 1877/78 het gevolg en daarna die "derde golf" in 1883.

Die gemeenskap het aanvanklik na die Lutherse kerk in Wynberg gegaan, maar hulle kinders na die skool by Philippi gestuur. Die skool is in 1884 gestig.¹⁰ Nadat 'n sogenaamde *Schulstreit* [skoolstryd]¹¹ ontstaan het toe Wynberg ook 'n skool wou stig, het 'n groep *Familienväter* [gesinsvaders]¹² in 1896 'n eie gemeente in Philippi gestig (eers as filiaalgemeente van St Martini in Kaapstad). Die Philippi-gemeente het die benaming *Zionsgemeinde* [Sionsgemeente] gekry omdat dit op 'n duin of "heuvel", *Zionshügel* [Sionsheuvel] genoem, in die Vlaktelandskap was. Vanweë geen infrastruktuur soos paaie nie, asook gebrekkige vervoer, het die immigrante wat hulle in die "Duine" gevestig het - die verste gebied van Philippi en Wynberg - ook 'n eie

⁶ Anoniem, waarskynlik J.H. Mahnke of K. Schröder, "Die ersten Anfänge in der Vlakte", (W. Blumer [Red], *Pflanzgarten im Dünensand*, Metropolitan Press, Wynberg, 1959), pp 12-13.

⁷ W. Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünensand* (Metropolitan Press, Wynberg, 1959).

⁸ L. Rabe, 'n *Kultuurhistoriese studie van die Duitse Nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte*, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1994, p 23.

⁹ W.H.C. Hellberg, "Duitse Immigrasie na Wes-Kaapland" in W Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünensand*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 16; W Blumer, "Die ersten Anfänge in der Vlakte" in W Blumer (Red), (*Pflanzgarten im Dünensand*, Metropolitan Press, Wynberg, 1959), pp 12-13.

¹⁰ W. Blumer, "Der Chronist berichtet", *Pflanzgarten im Dünensand*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 23.

¹¹ H. Ludwig, *Geschichte der Deutschen Evangelisch-Lutherischen St. Johannis-Gemeinde zu Wynberg bei Kapstadt*, Braunschweig, 1911, pp 45-52; W.H.C. Hellberg, *Die Deutschen Evangelisch-Lutherischen Kirchengemeinden im Westen des Kaplands*, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1957, p 93.

¹² W. Blumer, "Der Chronist berichtet", *Pflanzgarten im Dünensand*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 25.

gemeente gestig.¹³ Dié gemeente is na aanleiding van Martin Luther se geboorteplek Neu-Eisleben genoem. Die gemeente het in die laat sewentigerjare van die vorige eeu ontbind en gemeentelede het hulle by die Philippi-gemeente aangesluit.



Die vooraansig van die Evangelies-Lutherse kerk Philippi (Foto: L. Rabe)

Omgangstaal

Die grootste gedeelte van die immigrantegemeenskap, veral die lede van die 1877/83-groepe, het 'n vorm van Platduits, ook "Plat" genoem, gepraat.¹⁴ Dié spesifieke dialek is ook bekend as *Hannoversches Platt* [Hannoveraanse Plat]¹⁵ en *Hermannsburger Plattdeutsch* [Hermannsburgse Platduits].¹⁶ Godeffroy-setlaars het uit verskillende dele van Duitsland gekom, en het dus hul onderskeie dialekte met hulle saamgebring.¹⁷

By Philippi-Vlakte sou die Duitsers en hulle nakomelinge hoofsaaklik Platduits onder mekaar gebruik. Hoogduits, ook *Schriftdeutsch* [Skrifduits]¹⁸ genoem, is slegs

¹³ H. Ludewig, *Geschichte der Deutschen Evangelisch-Lutherischen St. Johannis-Gemeinde zu Wynberg bei Kapstadt*, Braunschweig, 1911, p 70; J.G. Augustson, Ongepubliseerde manuskrip "Lewensherinneringe" (twee dele), 1950, s.p.

¹⁴ L. Rabe, 'n *Kultuurhistoriese studie van die Duitse nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte*, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1994, p 395.

¹⁵ *Hamburger Illustrierte*, "700 Deutschen die niemals in Deutschland waren!", 07-02-1938, s.p.

¹⁶ W.H.C. Hellberg, *Die Deutschen Siedlungen in Südafrika seit der Mitte des Neunzehnten Jahrhunderts*, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, p 272.

¹⁷ L. Rabe, 'n *Kultuurhistoriese studie van die Duitse nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte*, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1994, p 395.

¹⁸ Onderhoud, Fidi Schultz, Philippi, 1992.

in die kerk en skool gehoor, en dus ook met die predikante en onderwysers gepraat. Godsdienst is hoofsaaklik in Hoogduits, net "Duits" genoem, beoefen. Vir talle van die immigrante was Hoogduits eintlik 'n "vreemde" taal.

Die immigrante wat dié vorm van Platduits gepraat het, het hoofsaaklik uit die Lüneburger Heide-area van Noord-Duitsland gekom, en was meestal lede van die laaste twee immigrante-golwe. Dié dialek is naverwant aan die Nederlandse taal omdat hierdie gebied geografies ook 'n "lae" land van Europa is en inderdaad aan Nederland grens. Die "Kaaps-Hollands" wat die Duitse immigrante aan die Kaap gehoor het, het dus waarskynlik vir hulle nie baie vreemd geklink nie. Oor ander Duitse immigrante, ook uit die Lüneburger Heide, die Hermannsburgse sendelingskoloniste in die destydse Natal (nou Kwazulu-Natal), het 'n navorser geskryf:

"Die Plat- of Nederduits wat hulle gepraat het, en die Nederlands van die Boere was so naverwant dat hulle naderhand nie meer seker was of hulle nog Platduits of Nederlands praat nie!"¹⁹

Die Godeffroy-immigrante het reeds binne een generasie afstand van hulle Duitse taal gedoen. Hulle het as enkelgesinne op plase van Hollandse boere in die Swartland gewerk, en het dus nie van die begin af die geborgenheid van 'n groep soos die 1877/78 en 1883-groepe gehad waarbinne identiteit, taal, kultuur en geloofsbeoefening behoue kon bly nie. Die Godeffroy-immigrante se verskillende dialekte het, omdat hulle as individue in verskillende areas gewerk is, selfs in die samesang van die Wynbergse Lutherse kerk weerklink.²⁰

Drie redes waarom dié groep ná een geslag hulle eie taal as huistaal verloor het, word aangegee: hulle eerste aantal jare aan die Kaap was onder Hollandse boere, waar hulle in dié Hollandse omgewing *betrübend und beschämend schnell deutsche Sprache und Sitte* [bedroewend en beskamd vinnig hulle taal en gebruike] vergeet het;²¹ hulle heimwee het veroorsaak dat die immigrante liefers nie oor die Heimat gepraat het nie en dus nie hulle hul taal en tradisies in stand gehou het nie. *Manch ein Deutscher, der hier im Lande gross geworden ist, hat deshalb nichts durch seine Eltern von der deutschen Heimat gehört, weil die Mutter vor Heimweh nicht davon*

¹⁹ U. Küsel, "Die Hermannsburgse sendelinge en hul nageslagte in Suid-Afrika", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 1992, p 137.

²⁰ H. Ludewig, *Geschichte der Deutschen Evangelisch-Lutherischen St Johannis-Gemeinde zu Wynberg bei Kapstadt*, Braunschweig, 1911, p 23.

²¹ H. Ludewig, *Geschichte der Deutschen Evangelisch-Lutherischen St Johannis-Gemeinde zu Wynberg bei Kapstadt*, Braunschweig, 1911, p 20.

sprechen konnte! [Menige Duitser, wat hier grootgeword het, het dus niks van die Duitse Heimat van sy ouers gehoor nie, omdat die moeder weens heimwee nie daarvoor kon praat nie!]²² en Hollandse speelmaats se gespot, het blykbaar Duitse kinders genoop om hulle Duitsheid weg te steek. *Ihre deutsche Sprache mussten die Kinder gezwungen verstecken, um den ewigen Quälereien der Spielgefährten zu entgehen* [die kinders moes noodgedwonge hul Duitse taal versteek om die ewige gespot van speelmaats te ontkom].²³

Van dié setlaars het tydens die koms van die latere twee groepe immigrante na Philippi-Vlakte reeds met hulle kinders "Cape Dutch" (Kaaps-Hollands) gepraat.²⁴ In 1889 was daar al 'n versoek dat 'n "Hollandse" diens by die St Johanniskerk ingestel moes word. Die 1877/78 en 1883-groepe het tot met die Tweede Wêreldoorlog hoofsaaklik Duits/Platduits gepraat. In 1958 is die eerste volwaardige Afrikaanse godsdienst in die Philippi-gemeente gehou.²⁵

Oor dekades het die Philippi-gemeenskap 'n "grens-identiteit" ontwikkel, met hul moedertaal wat hoofsaaklik Afrikaans is, maar met Duitse tradisies wat grotendeels gevestig is in die Lutherse godsdienstbeoefening. Die eerste generasie wie se moedertaal hoofsaaklik volledig Afrikaans was, is dié wat ná die Tweede Wêreldoorlog gebore is. Hubare mans het toe met nie-Duitse vroue getrou.²⁶ Daar was egter steeds ook huwelike tussen "suiwer" Duitse afstammelinge, in wie se huise steeds Duits gepraat is.

Die Philippi-gemeenskap is reeds in die laat vyftigerjare van die vorige eeu beskryf as "te Duits vir Jan Celliers, maar te Afrikaans vir Friedrich Schiller"²⁷, met 'n "tussen-identiteit" tussen twee tale, hoewel geanker in die praktiese leefwyse van 'n Lutheraan.

Dié "grens-identiteit" manifesteer sigself vandag steeds in die Philippi-gemeenskap deur taal, tradisie en godsdienstbeoefening.²⁸

²² H. Ludewig, *Geschichte der Deutschen Evangelisch-Lutherischen St Johannis-Gemeinde zu Wynberg bei Kapstadt*, Braunschweig, 1911, p 19.

²³ H. Ludewig, *Geschichte der Deutschen Evangelisch-Lutherischen St Johannis-Gemeinde zu Wynberg bei Kapstadt*, Braunschweig, 1911, p 21.

²⁴ H. Ludewig, *Geschichte der Deutschen Evangelisch-Lutherischen St Johannis-Gemeinde zu Wynberg bei Kapstadt* (Braunschweig, 1911), p 55.

²⁵ W. Blumer, "Der Chronist berichtet", *Pflanzgarten im Dünenland*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 55.

²⁶ L. Rabe, *'n Kulturhistoriese studie van die Duitse Nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte*, ongepubliseerde doktorsproefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1994, p 408.

²⁷ H. Bodenstern, "Hoekom dan eintlik 'n privaat skool?" in W Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünenland*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 67.

²⁸ L. Rabe. Persoonlike waarneming by gemeentelike, gemeenskaps- en ander sosiale geleenthede soos familiefeeste. Kyk ook L. Rabe, "Taal as identiteit - die 'Duitse' Afrikaanssprekende gemeenskap Philippi", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 16, 2, 2003, pp 46-68.

Sosio-ekonomiese omstandighede

Die geografiese gebied van die Kaapse Vlakte was as “groot sandwoestyn”²⁹ onherbergsaam en onproduktief. Die feit dat dit relatief naby aan 'n ontwikkelende stedelike gebied was - in vandag se taal sowat 30 km buite Kaapstad - was problematies vir die Britse koloniale owerheid. Reeds in die Nederlandse koloniale tydperk sedert 1652 is die Kaapse Vlakte nooit produktief gebruik nie.

*Dikwels het die Minister van Kroonlande, John X. Merriman, die Vlakte besigtig, hierdie groot waardelose stuk kroongrond wat in tweehonderd jaar sedert Jan van Riebeeck geland het tweemaal verkoop en tweemaal verpag is en elke keer reeds na 'n baie kort tyd weer tot die kroongronde teruggeval het, aangesien nóg die kopers, nóg die pagters daar 'n lewensbestaan kon voer.*³⁰

Danksy die sukses met groenteverbouing aan die rand van die Vlakte deur die enkele Duitse Godeffroy-immigrante wat hulle ná hulle knegskap daar gevestig het, het die Kaapse regering die strategie bedink om spesifiek Duitse immigrante te werf omdat gemeen is hulle die enigste is met genoeg deursettingsvermoë en vlyt om die "sandwoestyn" bewerkbaar te maak.³¹

Die gebied is deur die immigrasie-agent in Duitsland *in glühenden Wörten* [in gloeiende woorde] geskilder, en foto's van wat later as die Constantia-omgewing geëien sou word, is aan hulle gewys.³²

Die immigrante was arm dagloners of vakmanne wat met hulle gesinne die immigrasiegeleentheid aangegryp het in die hoop dat dit 'n beter toekoms vir hulle kinders sou wees. Hulle ontnugtering was groot oor wat op hulle gewag het.

Een, Ernestine Singe (later getroud met Gottfried Rix), wat as sesjarige saam met haar ouers as Godeffroy-immigrant na die Kaap gekom het, het onthou hoe die Vlakte gelyk het toe hulle gesin hulle ná drie jaar in die Swartland by Dieprivier

²⁹ W.H.C. Hellberg, “Duitse Immigrasie na Wes-Kaapland” in W Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünensand*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 16.

³⁰ W.H.C. Hellberg, “Duitse Immigrasie na Wes-Kaapland” in W Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünensand*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 16.

³¹ W. Blumer, "Die ersten Anfänge in der Vlakte" in W Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünensand*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), pp 12-13.

³² W.H.C. Hellberg, "Von den deutschen Siedlern in Kapland". *Afrikanische Heimatkalender*. 1954, p 93.

gevestig het: *es war nur eine Wüste [sic] und Sandhügel* [dit was net 'n woesteny en sandheuwels].³³

Niks kon die immigrante egter voorberei op die omstandighede wat op hulle gewag het nie. Verskeie bronne meld watter ontberings hulle gely het. Een beskrywing lui so.³⁴

Ohne Geld, ohne Vieh, ohne die einfachsten landwirtschaftlichen Geräte, als einziges Kapital ein Paar derbe Fäuste und ein mutiges Herz... Es war wohl niemand unter den Auswanderern, der sich von seiner unbekanntes Zukunft so viel versprach, wie es ihre Anwerber taten. Sie [die agente] wussten alle, dass es hier ein unbewohntes, vielleicht unfruchtbares Land zu bearbeiten, aufzubauen galt. Was die Bauern aber dort am Kap erwartet hat, muss alle Befürchtungen weit übertroffen haben [Sonder geld, sonder vee, sonder die eenvoudigste landbougereedskap, as enigste kapitaal 'n paar sterk hande en 'n moedige hart... Daar was niemand onder die immigrante wat nie deur hulle werwingsagente soveel oor hulle onbekende toekoms belowe is nie. Die agente het geweet dat 'n onbewoonde, miskien onvrugbare land bewerk en opgebou moes word. Wat nogtans op die boere aan die Kaap gewag het, moes alle vrese ver oorskry het].

Dit was nietemin nie moontlik om na hulle plek van oorsprong terug te keer nie.³⁵

Es gab kein Zurück! Nicht nur, dass die Mittel zur Rückfahrt nach Deutschland fehlten, erst mussten die Kosten für die Reise nach Südafrika zurückerstattet werden, und darum hiess es durchhalten [Maar hulle kon nie terug nie! Nie net was daar nie middele vir die terugvaart nie, eers moes die koste vir die reis na Suid-Afrika afbetaal word, en daarom moes hulle deurdruk].

Hulle deursettingsvermoë, wat legendaries onder hul nageslag geword het, is so beskryf:³⁶

³³ E. Rix, geb. Singe. Waarskynlik ongeveer 1935 geskryf. Manuskrip gevind in 'n Rix-familiebybel deur Alfred Rix, agterkleinseun van Ernestine Rix.

³⁴ H. Bruckschen. "Aus der Heide in die Vlakte" in W Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünenland*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 38.

³⁵ H. Bruckschen. "Aus der Heide in die Vlakte" in W Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünenland*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 38.

Durch zähe, aufopfernde Arbeit gelang es nur mühsam, Schritt für Schritt Fuss zu fassen. ... Das Stückchen zugeteilte Land wurde käuflich erworben, eine Hütte aus Flechtwerk zur Unterkunft gebaut, und dann ging man daran, durch Sammeln von wildwachsenden Beeren das Geld für enige Hühner oder für Vieh zusammenzusparen ... Als der öde Boden dann das erste Gemüse hergab, da musste man dieses ... durch den weglosen Sand nach Kapstadt tragen. Die unsäglichen Mühen und Entbehrungen dieser ersten Siedler, die sich als einziges eine Schule und Kirche für die Erhaltung ihres kulturellen und kirchlichen Erbes ausbedungen hatten [wat ook nie nagekom is nie; die immigrante het self hulle skool en kerk gebou], haben die Vlakte zu einem Schatzkästlein werden lassen. [Deur taai, opofferende arbeid kon hulle hulle moeisaam, tree vir tree, vestig ... Die stukkie grond is betaal, 'n hut uit vlegwerk is gebou, en deur die insamel van wilde bessies is genoeg geld gespaar vir 'n paar hoenders, of vir vee ... Toe die dorre grond die eerste groente opgelewer het, moes dié ... deur die weglose sand na Kaapstad gedra word. Die onbeskryflike moeite en ontberings van die eerste setlaars, wat slegs 'n skool en kerk vir die behoud van hulle kulturele en kerklike erfenis vir hulleself beding het [wat ook nie nagekom is nie; die immigrante het self hulle skool en kerk gebou], is die Vlakte in 'n klein skatkis omgeskep].

Die gebied waarop die immigrante hulle sou vestig, het geen natuurlike skuiling of groot bome gehad nie - dit was 'n oop sandvlakte met 'n stormsterk suidoostewind in die somer en moerasse in die winter, met die kenmerkende noordwesterstorms.

Die uiterstes wat die eerste geslag in hulle nuwe land moes oorkom, het die armoede van hulle Heimat laat goed lyk - dit kon selfs vergelyk word met die vleispotte van Egipte:³⁷

Mehr als einer hat sich damals zurück geseht in die ärmlichen Heide, als sie 'noch bei den Fleischtöpfen Aegyptens sassen'. Aber zu einem Zurück langten die Mittel nicht, und vor ihnen lag die Zukunft, grau in

³⁶ H. Bruckschen. "Aus der Heide in die Vlakte" in W Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünenand*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 38.

³⁷ Der Deutsch-Afrikaner. 9 Februarie 1933. Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad.

grau gehüllt. [Meer as een het terugverlang na die armoedige Heide, toe hulle nog 'by die vleispotte van Egipte gesit het'. Maar hulle het nie die middele gehad om terug te gaan nie, en voor hulle het die toekoms gelê, grys in grys gehul].

Spreekwoorde en uitdrukings

Talle spreekwoorde en uitdrukings het dié ontbering verbeeld. Die inskripsie op die gedenkteken wat in 1947 vir die vyftigste jubileum van die Philippi-kerkgebou opgerig is, lui:

Den Deutschen Immigranten in liebendem Gedenken gewidmet von den dankbaren Nachkommen.
'Durch Wüstensand auf rauher Bahn
Geht's endlich doch nach Kanaan'. [Aan die Duitse immigrante gewy, in liefdevolle herinnering, deur hul dankbare afstammeling.
'Deur woestynsand, op ruwe baan
gaan dit uiteindelik tog na Kanaän'].

'n Spreekwoord word beskryf as 'n “kort kernagtige gesegde, gewoonlik welbekend en oud, waarin 'n algemene waarheid of wyse les uitgedruk is”.³⁸

Talle spreekwoorde, uitdrukings, rympies en gebede het saam met die immigrante uit Duitsland gekom. Party is verafrikaans, en ander het hier ontstaan. Hierdie artikel fokus slegs op van die oorgelewerde spreekwoorde en uitdrukings wat oor 'n tydperk opgeteken is.

Die Philippi-gemeenskap het verskeie sulke spreekwoorde en uitdrukings wat danksy hul Duitse herkoms eie is aan die gemeenskap is. Talle spreekwoorde word in die omgangstaal in Duits of Platduits in 'n andersins oorwegend Afrikaanse gesprek gebruik. Die spreekwoorde word telkens weergegee soos dit by die bron opgeteken is, selfs al is die spelling en grammatika verdag. Daar word dus nie telkens [sic] bygevoeg nie. Toeskrywing aan bronne word aan die begin van die uitdrukking gegee.

Die afstammelingsgemeenskap is as't ware op 'n uitdrukking gebou. Daar is vir geslagte vertel van hoe Merriman neerhalend - hoewel verbloem as 'n kompliment -

³⁸ *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vierde Druk. (Perskor, Midrand, 2004), p 1063.

sou gesê het: “As jy 'n skilpad daar neersit, en hy bly lewe, kan jy dit met 'n Duitser ook doen. Waar 'n skilpad kan lewe, kan 'n Duitser ook”.³⁹

Hy sou ook gesê het dat as Duitsers uit 'n klipwoestyn 'n paradys kan skep - na aanleiding van die Duitse immigrante se sukses in die Oos-Kaap - hulle dit ook uit 'n sandwoestyn kan doen.⁴⁰

Nog 'n uitdrukking is dalk 'n neutedop-beskrywing van die eerste drie generasies se pioniersgees. Hulle swaarkry het gestalte gekry in die uitdrukking “die eerste geslag het die dood geërf, die tweede het die nood geërf, en die derde eers die brood”.

Soos verbeeld in dié beskrywing het die Duitse immigrante en hulle afstammeling hulle "sandwoestyn" omgeskep in 'n groentetuin vir Kaapstad en sy groeiende bevolking, en het die streek uiteindelik die benaming "groentespens van die Kaap" gekry.

Bogenoemde, wat tipies die deursettingsvermoë van die eerste Duitse setlaars illustreer, is eers in sy oorspronklike Duits oorgedra - die outeur het dit inderdaad nog so van haar grootmoeder aan vaderskant verneem: *Die erste Generation hat das Tod geerbt, die zweite Generation das Not, und die dritte erst das Brot.*

Nog 'n uitdrukking waarop die gemeenskap "gebou" is, is die frase *Bete und Arbeite* [Bid en Werk]. Die Duitse laer skool het tydens sy bestaan dit as sy leuse in Latyn gehad: *Ora et Labora*. Dit sluit ook aan by die uitdrukking wat latere geslagte kinders oor die werketiek van die voorouers gehoor het, naamlik dat die immigrante slegs met "'n paar hande wat kon werk en hulle Lutherse Bybel" na die Kaap gekom het.⁴¹

Die pioniersvoorkoms het blykbaar bygedra tot die byna mitiese hardwerkendheid van die voorgeslagte waarop die nageslag opgevoed is. 'n Duitse besoeker in die dertigerjare van die vorige eeu het ook onder die indruk van die pioniersgees gekom:⁴²

Es war ein Sonntagmorgen, als ich in die Vlakte eintraf. Die Gemeinde war in der Kirche. ... Ich sah mich in der hellen, hübschen freundlichen Kirche um; die schwieligen Hände gefaltet ... Nicht ein Hauch von fremder Art hatte diese Herzen gestreift in all den Jahren, die sie nun so

³⁹ Onderhoud, Idi Bode, geb. Schultz, 1992, Philippi.

⁴⁰ W.H.C. Hellberg, "Duitse Immigrasie na Wes-Kaapland" in W Blumer (Red), *Pflanzgarten im Dünenland*, (Metropolitan Press, Wynberg, 1959), p 16.

⁴¹ L. Rabe, 'n *Kultuurhistoriese studie van die Duitse Nedersetting Philippi op die Kaapse Vlakte*, ongepubliseerde doktorsproefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1994, p 586.

⁴² Anoniem. *Deutsches Lesebuch für Gymnasien*, Hamburg, 1939, g.p.

fern von der Heimat waren; sie waren so wunderbar schlicht deutsch, wie nur irgendein Bauer zu Hause unterm Strohdach ... Vor mir sass ein alter Mann, wie ich dann hörte, der Älteste aller dieser Ansiedler, sein Haar leuchtete wie Schnee. Er war so klein, so faltich, so verschrumpft geworden vor lauter harter Arbeit, so ein demütiges, kleines Menschenbild; aber es hätte mich nicht gewundert, wenn durch die offene, Sonnenflimmernde Türe ein Engel Gottes getreten wäre, um vor diesem Alten das Knie zu beugen. Nahe vor seinem letzten, grossen Feierabend stand er vor seinem Platze, ehrfürchtig das weisse Haupt gebeugt, während er das Gebet sprach in den Worten seiner Lüneburger Vorfahren [Dit was 'n Sondagoggend toe ek in die Vlakte kom. Die gemeente was in die kerk. ... Ek het in die helder, fraai, vriendelike kerk rondgekyk; die eelterige hande gevou ... Nie 'n sweem van vreemdheid het hierdie harte geraak in al die jare dat hulle so ver van hulle Heimat was nie; hulle was so wonderlik eenvoudig Duits soos 'n boer onder 'n strooidak tuis ... Voor my het 'n ou man gesit, soos ek toe hoor, die oudste van al die setlaars, sy hare soos sneeu. Hy was so klein, so verrimpeld, so verskrompel deur al die harde werk, so 'n deemoedige klein mensebeeld; maar ek sou nie verwonderd gewees het nie as deur die oop, sondeurdrenkte deure 'n engel Gods sou tree om voor die oue die knie te buig. Kort voor sy laaste, groot rus, staan hy op sy plek, eerbiedig die wit hoof gebuig, terwyl hy in die woorde van sy Lüneburgse voorouers bid.]

As die bostaande krities geanaliseer word, moet 'n mens in ag neem dat dit vir 'n Duitse skoolleesboek geskryf is in 'n waarskynlik sterk nasionalistiese skoolkurrikulum in 'n Duitsland van die 1930's. Die verheerliking van Duitse pioniers in die buiteland is dan seker te verstane. Tog moes die rapporteur opreg beïndruk gewees het deur die toneel wat hy beskryf het.

Die beskrywing stem ook ooreen met 'n aantal ander beskrywings van die Duitse immigrante: *markante Bauernköpfe* [duidelike boeregesigte]⁴³ en “figure asof uit hout gesny”.⁴⁴ Die stoere voorkoms het waarskynlik gepas by die persoonlikhede.

Een voormoeder wat met haar landbouprodukte - groente, eiers, botter, room en melk - in dramandjies oor haar skouers na die Kaap moes stap, het as enigste verdediging, sou iemand haar op haar terugpad wou aanval om haar van haar

⁴³ Anoniem, *Hamburger Illustrierte*, 7.2.1938, g.p.

⁴⁴ W. Blumer, TV-program, *Heimat op die Vlakte*, SAUK, 1983.

verdiens te beroof, 'n handvol gemaalde peper in haar voorskootsak gedra om in die persoon se oë te kan gooi, as dit nodig sou wees.

Maar, het dié agterkleindogter vertel, haar grootste verdedigingsmeganisme was die woorde wat haar agterkleindogter ook telkemale in haar lewe as bemoediging gebruik het, en wat sy in die oorspronklike Duits gebruik wanneer sy die storie oor haar voorouer vertel:⁴⁵

Was kann mich widerfahren, wenn Gott mich will bewahren [Wat kan met my gebeur solank God my bewaar.]

Sommige spreekwoorde word glad nie meer in omgangsgesprekke gehoor nie, soos dié Platduitse een oor iemand wat op sterwe lê (spelling soos aan die outeur gegee):⁴⁶

Hei beet nu sei letzte Vaterunser [Hy bid nou sy laaste Onse Vader].

Dit is volgens dié bron selfs ook van diere gesê, soos as 'n perd al "oud en ellendig" is:

Eendag staan ek by Pastor Mahnke ('n Philippi-predikant), by Baumgartens oorkant die pad [nadat Baumgarten, die voorganger van Mahnke, afgetree het, het hy in 'n huis oorkant die kerk gewoon]. Dit was Saterdagand, ek het te voet blomme gebring na die kerkhof, toe kry ek hom... en ons staan daar en gesels. Toe kom daar 'n perd opgesukkel met 'n ou waentjie; dit was mos 'n heuwel, en daar sê Pastor Mahnke dit toe ook. Dit was vir my wonderlik dat die Pastor dit ook gesê het. Ook as jy gevra het na die en die se welstand, en dit gaan maar sleg, dan is die antwoord: 'Hei is bei sei letzte Vaterunser'. (Hy is by sy laaste Onse Vader')

Nie net godsdienssin het in die spreekwoorde uitdrukking gevind nie. Ook ander eienskappe van die immigrante is op dié manier aan die volgende geslag oorgedra. Netheid, eerlikheid en spaarsamigheid was maar 'n paar daarvan.

Die immigrante se sin vir ordelikheid was legendaries, en hulle was baie gesteld daarop dat "dinge netjies en reg moes wees en volgens 'n roetine gewerk en geleef moes word."⁴⁷ Die uitdrukking *Ordnung regiert die Welt* [Orde regeer die wêreld] s daarom baie dikwels gehoor.

⁴⁵ Mededeling, Lora Lee-Jones, geb. Ellmann, 1990, Philippi.

⁴⁶ Onderhoud, Idi Bode, geb. Schultz, 1992, Philippi

⁴⁷ Medeling, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

Die waarskuwing om te alle tye eerlik te wees, het in die volgende uitdrukkings neerslag gevind, en word steeds in die omgangstaal in Philippi gehoor:⁴⁸

Ehrlich währt am längsten. [Eerlikheid duur die langste.]

'n Ander afstammeling het die volgende onthou:⁴⁹

Der Hehler ist ebensogut wie der Stehler [Die heler is net so goed soos die steler.]

Dieselfde bron het ook die volgende twee uitdrukkings oor eerlikheid onthou:

Unrecht Gut gedeihet nicht. [Iets wat deur 'n onreg verkry is, sal nie gedy nie] met die verduideliking: dis 'n vermaning om eerlik te wees; dikwels gesê waar mense lang vingers gehad het.

En

Lügen haben kurzen Beinen [Leuens het kort bene.]

Nog 'n spreekwoord oor eerlikheid vermaan die toehoorder dat dit wat onregmatig verkry is, nooit erfgoed sal word nie. Daarby is verduidelik dat wat jy nie op 'n regverdige manier bymekaargemaak het nie, jou en jou mense nie toekom nie:⁵⁰

Ungerechtes Gut kommt nicht ans dritte Erbe [Iets wat onbillik verkry is, hou nie tot die 'derde erfposisie' nie.]

Oor spaarsin is gesê:⁵¹

Spare in der Zeit, so hast du in der Not. [Spaar betyds, dan het jy in die nood.]

Wanneer kinders hulle beste klere onnodig wou aantrek, is hulle ook met die bostaande gesegde vermaan.⁵² Nog 'n uitdrukking oor spaarsin wat kinders dikwels gehoor het, lui:⁵³

Junges Blut, spar dein Gut; Armut im Alter weher tut. [Jong bloed, spaar jou goed, die armoede maak dan minder seer wanneer jy oud is], met die verduideliking dat 'n mens van jongs af spaarsamig moet leef sodat jy nie eendag op jou oudag ander in die oë moet kyk nie.

'n Groot aantal spreekwoorde oor hardwerkendheid - werkywer, werketiek, en die teenoorgestelde, luiheid - is gevind.

Dit is byna vanselfsprekend dat 'n gemeenskap waarvan die werksin vandag nog inspirerend is, krag uit 'n verskeidenheid sulke spreekwoorde sou put. Die

⁴⁸ M. Punt, geb. Heins, ongepubliseerde manuskrip "Lewensherinneringe" (twee dele), 1977, s.p.

⁴⁹ Onderhoud. Winie Schultz, geb. Buhr, 1992, Philippi.

⁵⁰ Onderhoud, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

⁵¹ Onderhoud, Idi Bode, geb. Schultz, 1992, Philippi.

⁵² Onderhoud, Fidi Schultz, 1992, Philippi.

⁵³ Onderhoud, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

spreekwoorde moedig die toehoorder aan en vermaan hom of haar om altyd (nog) harder te werk. Die volgende versameling is by een bron opgeteken⁵⁴:

Morgen, morgen, nur nicht heute, sagen alle faule Leute. [Môre, môre, net nie vandag nie, sê alle lui mense.]

Was du heute kannst versorgen, verschiebe nicht auf morgen [Doen wat jy vandag kan doen, moet dit nie tot môre uitstel nie], met die verduideliking daarby: dis gesê wanneer jy (as kind) iets wil laat vir die volgende dag.

Willst du der Ruhe dich erfreu'n, so darfst du nicht die Arbeit scheu'n. [As jy die vreugde van die rus wil smaak, dan moet jy nie skaam wees om eers te werk nie.]

Bezahlen muss du erst den Preis mit deine Angesichtes Schweiss. [Jy moet eers die prys betaal met die sweet van jou aangesig.]

Erst die Arbeit, dann das Spiel, nach der Reise kommt das Ziel. [Eers die werk, dan die spel, ná die reis kom die beloning, letterlik vertaal, doelwit/eindbestemming.]

Arbeit schendet nicht. [Werk skend nie.]

Arbeit macht das Leben süß. [Werk maak die lewe soet], met die verduideliking daarby: dat jy moet werk, dis nie 'n skande om te werk nie, maak nie saak van watter aard die werk is nie. Wat ons baie gehoor het, is 'Kinders, werk; daarvoor het ons na Suid-Afrika gekom. Moenie bedel nie, dis 'n skande, maar werk.' Daaroor is die leuse van ons skool ook *Bete und Arbeite*.

Man hat nichts ohne Mühe . [’n Mens kry niks sonder moeite nie.]

Aller Anfang ist schwer. [Alle begin is moeilik], met die verduideliking: dis altyd moeilik om iets te begin; dis gesê wanneer jy iets nuuts doen, of leer en swaarkry daarmee.

Faulheit lass los, oder ich brauche Gewalt. [Luiheid laat staan, anders gebruik ek geweld], met die verduideliking: seker maar gesê as jy traag iets gedoen het.

Durch Gottes Hilf und Menschen Hände kommt manches schwere Werk zu Ende. [Deur God se hulp en mensehande kom vele swaar werk ook tot 'n einde], met die opmerking daarby: seker ook maar gesê waar 'n mens dink die werk is te swaar om te doen.

As 'n kind ledig was, is gesê:

Müsiggang ist aller Laster Anfang. [Ledigheid is die duiwel se oorkussing], met die verduideliking: ook gesê waar dinge dikwels verkeerd geloop het.

'n Ander bron kon nog 'n spreekwoord oor werkywer byvoeg.⁵⁵

Die ehe daran, die ehe davon, ook Je ehe daran, je ehe davon. [Hoe gouer begin, hoe gouer klaar.]

⁵⁴ Onderhoud, Winie Schultz, geb Buhr, 1992, Philippi.

⁵⁵ Onderhoud, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

Talle van die uitdrukkings word steeds in omgangsafrikaans in Philippi gebruik. Party is ook soms op doek geborduur en as *Hausprüche* [huisspreuke] as versiering in die huis gehang. Van die geborduurde spreuke wat in voor- en slaapkamers gebruik is, kan in die Duitse Setlaarsmuseum in Philippi besigtig word. In die outeur se besit is 'n gewilde een, waarvan 'n geborduurde weergawe so te sê in elke huis gehang het:

Gott sorgt, wir aber sollen arbeiten. [God sorg, maar ons moet werk.]

'n Uitdrukking oor iemand wat nie juis fluks is nie, is opgeteken⁵⁶

Hy is nie een van die mense wat die werk ontdek het nie.

'n Variasie op dieselfde gesegde is by 'n ander bron aangeteken as⁵⁷

Hy is een van die mense wat nie die werk ontdek het nie.

'n Uitdrukking wat vandag steeds letterlik jaarliks gehoor word, is dat die "Port Jackson-storm" nog eers moet kom.⁵⁸ Dit verwys na die laaste groot winterstorm - gewoonlik in die lente - wanneer die gepaardgaande noordwester die geel Port Jackson-blommetjies afwaai sodat dit soos 'n tapyt op die grond lê. (Port Jackson-bome is op sigself 'n belangrike deel van die Philippi-setlaars se geskiedenis. Die aanplant van dié sade uit Australië het in die beginjare gehelp met die oorlewing van die eerste geslagte.)

In 'n landbougemeenskap is dit vanselfsprekend dat die uitdrukking⁵⁹

Regen bringt Segen. [Reën bring seën.]

sal voortbestaan. Dit word steeds gehoor wanneer dit byvoorbeeld reën op iemand se troudag, of op die groot jaarlikse basaar. 'n Effense wysiging van die spreekwoord, waarin *regen* as wederkerige werkwoord gebruik word, kom ook voor. Dié uitdrukking bevat die vermaning om tog altyd aan die gang te bly/te werk, want dit bring voorspoed. So 'n voorbeeld is as 'n geborduurde muurversiering in die Philippi-Setlaarsmuseum te sien:

Sich regen bringt Segen. [Om jou te beweeg, om te werk, bring seën.]

Oor waardes en lewensinstelling is die volgende opgeteken.⁶⁰

Wer das Kleine nicht ehrt, ist das Grosse nicht wert. [Wie nie iets kleins kan waardeer nie, is nie iets groots werd nie.]

Wat ik nicht weid, makt mick nicht lei [Wat ek nie weet nie, kan my nie seermaak nie], met die verduideliking: dis soos in Afrikaans: wat my oë nie sien nie, tas my hart nie aan nie.

⁵⁶ M. Punt, geb. Heins, ongepubliseerde manuskrip "Lewensherinneringe" (twee dele), 1977, s.p.

⁵⁷ Onderhoud, Winie Schultz, geb. Buhr, 1992, Philippi.

⁵⁸ Medeling, Ruth Ellmann, geb. Hörstmann, 1992, Philippi.

⁵⁹ Onderhoud, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

⁶⁰ Onderhoud, Winie Schultz, geb. Buhr, 1992, Philippi.

Man muss das Bäumchen biegen wenn es jung ist. [Buig die boompie solank hy jonk is], met die verduideliking: jy moet 'n kind van kleins af leer en tug en nie eers as hy groot is nie.

Liebe erwerbt Gegenliebe. [Liefde verwerf wederliefde.]

Jung gelernt, alt getan. [Jonk geleer, oud gedoen], met die verduideliking: wat jy jonk leer, doen jy as jy oud is, soos om bedagsaam, beleefd, behulpsaam, gehoorsaam, ensovoorts, te wees.

Neugierig soll der Mensch nicht sein, das prägt dir lieber selber ein. [Nuuskierig moet die mens nie wees nie; leer liewer self..]

Bescheidenheit ist Zierde. [Beskeidenheid is 'n sieraad], met die verduideliking: ouers het nie daarvan gehou as 'n kind voor op die wa is nie, jy moet jou *anständig* [ordentlik] gedra.

Der Apfel fällt nicht weit vom Baum. [Die appel val nie ver van die boom nie.]

Erfahrung gibt die Lerne. [Ervaring is die beste leerskool.]

Erfahrung ist eine teure Schule, aber Narren wollen anderswo nie lernen. [Ervaring is 'n duur skool, maar gekke wil op g'n ander manier leer nie.]

Dat Spothus wat brennt. [Dis die 'spothuis' was brand], met die verduideliking: as jy met iemand spot, kom dit terug.

Oor iemand wie se oggend- en aandpraatjies nie ooreenstem nie, het 'n bron onthou:⁶¹

Hei redet ja wie dat Wind weht. [Hy praat soos die wind waai.]

Ander spreekwoorde oor 'n mens se lewenshouding van dieselfde bron:

Hochmut kommt zum Fall. [Hoogmoed kom tot 'n val.]

Wat dat Ohr nicht hört, dat redet das Mund nicht von. [Wat die oor nie hoor nie, kan die mond nie oor praat nie.]

Sorget für heut, morgen wird für sich selber sorgen. [Sorg vir vandag, môre sal vir homself sorg], met die verduideliking: dink eers aan vandag se sorg en behoeftes en gee daaraan aandag, dit help nie om jou oor die volgende dag te bekommer nie.

Kleine Kinder, kleine Sorgen; grosse Kinder, grosse Sorgen. [Klein kinders, klein sorg, groot kinders, groot sorg], met die verduideliking: as jou kinders klein is, is jou kwellinge ook nog klein; as hulle groter is, het jy groter bekommernisse.

Oor optrede teenoor die medemens:⁶²

Lasst einen jeden wie er ist, so bleibst du auch wie du bist. [Laat elkeen soos hy is, dan bly jy ook soos jy is], met die verduideliking: 'n vermaning as oor iemand wat anders is, gespot of gelag word.

⁶¹ Vraelys, Gottie Schultz, 1989, Philippi.

⁶² Onderhoud, Winie Schultz, geb. Buhr, 1991, Philippi.

Stank für Dank. [Stank vir dank.]

Was du nicht magst dass dir ein andere tu, das füg auch keinen andern zu.
[Wat jy nie wil hê 'n ander aan jou moet doen nie, moet jy dan ook nie aan 'n ander doen nie], met die verduideliking: as jy nie wil hê iemand moet jou kwaad aandoen nie, moet jy ook nie ander kwaad aandoen nie, want jy sal dit nie teenoor jouself gedoen wil hê nie.

Mit vielen hält man Haus, mit wenigen kann man aus. [Met vele hou 'n mens huis, met min kan jy dit uithou], met die verduideliking: daar is baie mense met wie jy omgaan, maar dis nie te sê dat jy met almal oor die weg kom nie.

Van nog 'n bron.⁶³

Wer ein Ander einen Grube gräbt, fällt selbst hinein. [As jy vir 'n ander 'n gat grawe, val jy self daarin.]

Oor jou optrede teenoor diere, is veral kinders vermaan.⁶⁴

Quäle nie ein Tier zum Scherz, denn es fühlt wie du den Schmerz. [Moet nooit 'n dier vir die pret seermaak nie, dit voel die pyn soos jy.]

Oor selfstandigheid - 'n eienskap kenmerkend aan die Philippi-gemeenskap - bestaan 'n kort maar kragtige spreekwoord.⁶⁵

Selbst ist der Mann. [Self is die man/mens], met die verduideliking: om self iets te kan doen, is die beste; as jy dit self kan doen, is jy beter daaraan toe, want dan is jy nie van ander afhanklik nie.

Om introspeksie te kan hou, en jou eie foute raak te sien, is die volgende opgeteken.⁶⁶

Mensch, erkenne dich selbst. [Mens, herken jou self.]

Oor inhaligheid en gierigheid:

Das letzte Hemd hat keine Tasche. [Die laaste hemp het geen sakke nie], met die verduideliking: (as jy sterf) kan jy niks met jou saamneem nie, jou doodskleed het nie sakke nie.

Oor hartseer.⁶⁷

Ein jeder kennt sein eigenes Herzens Leid. [Elkeen ken sy eie hart se leed], met die verduideliking: elke mens weet wat sy hart se pyn is; elke mens weet waaroor hy in sy hart treur.

Wie die Kreuz, so die Kraft. [Krag na kruis.]

⁶³ Onderhoud, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

⁶⁴ Onderhoud, Winie Schultz, geb. Buhr, 1992, Philippi.

⁶⁵ Mededeling, Lora Lee-Jones, geb. Ellmann, 1992, Philippi.

⁶⁶ Onderhoud, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

⁶⁷ Onderhoud, Fidi Schultz, 1992, Philippi.

'n Spreekwoord wat dikwels ook as afskeidsgroet gehoor word - vandag nog - lui⁶⁸

Halt' die Ohren steif of *Die Ohren steifhalten*. [Hou die ore styf.]

Om jou ore "styf te hou" beteken om moedig te bly as jy teëspoed gehad het. As afskeidsgroet word daarmee bedoel: "Laat dit goed gaan!"

Oor 'n man wat rondloop, was 'n Afrikaanse weergawe blykbaar meer algemeen.⁶⁹

'n Man moenie sy broek uittrek voor hy gaan slaap nie.

Dit kon blykbaar ook 'n heel ander betekenis hê, naamlik dat jy nie te vroeg jou besittings aan jou kinders moet uitdeel en dan op jou oudag "kaal" uitgetrek is nie.⁷⁰

As iets nie honderd persent gedoen is nie, veral as 'n kind betrokke is, is die volgende gesê as troos of om nie gevoelens seer te maak nie.⁷¹

Beeten schein hat Gott leif. [’n Bietjie skeef het God lief], met die verduideliking as iets bietjie skeef en krom is, het God dit lief.

Hoewel die immigrante baie arm was, was hulle steeds baie trotse mense - en daarom liever met gestopte as met stukkende klere:

Leiber ein Lappen als ein Loch. [Liewer 'n lap as 'n gat.]

Die uitdrukking⁷²

Der rote Hon kraaien ladden. [Die rooi haan laat kraai] is gehoor wanneer vermoed is dat spore doodgevee moet word. As iemand dalk moedswillig iets gedoen het, of iets verkeerds gedoen het, en dit word stil gehou dat niemand daarvan moet weet nie, dat sy dade uitgevee is, is gesê, ag, hy het die rooi haan laat kraai. En dit was nie goed bedoel nie.

As mense hooghartig is en meen dat byvoorbeeld 'n skande hulle nie kan oorkom nie, dat hulle te slim of te goed is daarvoor, en daar gebeur wel iets, is die volgende Platduitse uitdrukking gehoor:⁷³

Klauke Hühner shiedt auk in dem Brentnettel und verbrennt jum der Os. [Slim hoenders mis ook in die brandnetels en verbrand hul agterente.]

Met honger en versadiging as deel van die beeldspraak, die volgende:⁷⁴

Hunger lehrt kauen. [Honger leer kou], met die verduideliking: as jy honger is, is jy nie vol fiemies nie, en eet jy enigiets.

⁶⁸ Onderhoud, Arnold Kohrs, 1992, Philippi.

⁶⁹ Onderhoud, Winie Schultz, geb. Buhr, 1992, Philippi.

⁷⁰ Mededeling, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1993, Philippi.

⁷¹ Onderhoud, Winie Schultz, geb. Buhr, 1992, Philippi.

⁷² Onderhoud, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

⁷³ Onderhoud, Winie Schultz, geb. Buhr, 1992, Philippi.

⁷⁴ Onderhoud, Idi Bode, geb. Schultz, 1992, Philippi.

In der Not frisst der Teufel Fliegen. [In die nood vreet die duiwel vlieë], met die verduideliking: nood leer bid; as jy honger is, eet jy enigiets; dis ook op ander desperate situasies van toepassing.

As iemand nie betyds vir ete kom nie, is gesê:⁷⁵

Wer nicht kommt zur rechten Zeit, muss essen was übrig bleibt. [Wie nie op die bestemde tyd kom nie, moet eet wat oorbly.]

As jy versadig is, sien jy kans vir enigiets:

Einen guten Magen kann alles vertragen. [’n Goeie - vol - maag, kan alles verdra.]

Die spreekwoord⁷⁶

Scherben bringen Glück. [Skerwe bring geluk] is met *Polterabend* (die feesaand voor die bruilof) gehoor, wanneer die aanstaande bruidspaar al die porseleinskerwe moet optel en dit dan hulle toekomstige geluk sou verseker. Dit is ook gesê wanneer iets per ongeluk gebreek het.

Uitdrukkings wat een bron uit sy kinderdae onthou, is die volgende:⁷⁷

Die alte Knochen wollen nicht mehr. [Die ou bene wil nie meer nie.]

Zum Kuckuck noch ein mal [Maar my goeiste], met die verduideliking: As jy geïrriteerd vir die hoeveelste keer om iets gevra het, gewoonlik vir ’n kind, en hy reageer nie.

So lange dat Schornstein raucht, geht's noch [Solank daar rook uit die skoorsteen kom, gaan dit nog], met die verduideliking: solank jy nog iets het om van kos te maak, is daar nog hoop.

Man mut dat Leben eben nehmt wie dat Leben kummt [Jy moet die lewe maar aanvaar soos die lewe kom.]

’n Uitdrukking wat gesê is as iemand iets vreemds gedoen het, of nie ander se gevoelens in ag geneem het nie:⁷⁸

Nicht ärgern, nur wundern. [Nie kwaad word nie, wonder maar net.]

’n Algemene uitdrukking in die Philippi-gemeente is dat die *Gemeinde Holz* [gemeente Hout], of *Familie Holz* [gesin Hout] in die kerk is - wanneer die kerk leeg is en jy net houtbanke sien. Dit word vandag veral in vakansietye gehoor wanneer kerkbesoek gewoonlik minder is.⁷⁹

Ander uitdrukkings wat opgeteken is.⁸⁰

⁷⁵ Onderhoud, Winie Schultz, geb. Buhr, 1992, Philippi.

⁷⁶ Onderhoud, Idi Bode, geb. Schultz, 1992, Philippi.

⁷⁷ Vraelys, Gottie Schultz, 1989, Philippi.

⁷⁸ Onderhoud, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

⁷⁹ L. Rabe. Persoonlike waarneming tydens kerkbesoek, Philippi-gemeente.

⁸⁰ Vraelys, Irmgard Buhr, geb. Rabe, 1989, Philippi

Ihr geht barfuss zu Bett. [Julle gaan kaalvoet bed toe], met die verduideliking: dis gesê as kinders stout was.

Er sieht aus wie ein abgeleckte Sirupskitschen. [Hy lyk soos 'n afgelekte stroop-?] - dit was tot dusver nie moontlik om die tweede deel van die woord te eien nie; die spreker is reeds oorlede en die outeur probeer dit nog vasstel by ander wat moontlik die uitdrukking ken]; die verduideliking is: dis gesê van iemand wat baie maer en uitgeteer was.

Er hat ein im Timpen. [Die woord *Timpen* is onbekend, die spreker is reeds oorlede en die outeur probeer vasstel by ander wat moontlik die uitdrukking ken]; die verduideliking is: hy is 'n bietjie dronk.

Lieber Schimpf wie Schaden. [Liewer skel as skade.]

Er ist alt klug. [Hy is oud-slim], met die verduideliking dat dit in 'n positiewe sin beteken het: hy is oulik, slim voor sy tyd, maar negatief: te groot vir sy skoene, eiewys.

Erster Hahn im Korb. [Die eerste haan in die mandjie], met die verduideliking: iemand wat altyd eerste wil wees.

Ein jeder Hund hitzen. [Elke hond aanhits], met die verduideliking: gesê van iemand wat met enigiemand kan gesels, met almal kan klaarkom Die Duitse woord *anhetzen* beteken aanhits.

As iemand 'n *Schmachhämel* (die korrekte woord is *Schmächhammel*) is, is hy klein en tingerig.

As iemand werk sonder betaling werk, maar tog alles kry wat hy of sy nodig het, word gesê dat hy of sy *Schlicht um Schlicht* [gelyke vir gelyke werk].⁸¹

Vroeër was dit gebruik dat jongmense *Schlicht um Schlicht* by ander gaan woon het. Die *Haustochter* [huisdogter] Emma Behrens van Kroondal het byvoorbeeld in die predikantspaar Mahnke se huis gewerk. Sy het alles onrvang wat sy nodig gehad het, maar moes allerlei werkies in die huis doen en is soos een van die huisgesin behandel.⁸²

'n Ander uitdrukking was om van 'n man se *Zweite* [tweede] te praat - bedoelende sy vrou. Een bron het dit so gebruik.⁸³

Nach ihm bekamen wir Einen Schottlander zum Lehrer. Der konte kein Deutsch, aber sein 2te konte was Deutsch. [Na hom het ons 'n Skot as onderwyser gekry. Hy kon geen Duits praat nie, maar sy 2de kon 'n bietjie Duits praat.]

As 'n mens uit gewoonte iets gedoen het, is die opmerking gemaak:⁸⁴

⁸¹ Onderhoud, Idi Bode, geb. Schultz, 1992, Philippi.

⁸² Onderhoud, Idi Bode, geb. Schultz, 1992, Philippi.

⁸³ J.G. Augustson, ongepubliseerde manuskrip "Lewensherinneringe" (twee dele), 1950, s.p.

Der Mensch ist ein Gewohnheitstier. [Die mens is 'n gewoontedier.]

As Tafelberg sy wolkekleed oor hom gehad het, het die "oumense" daarna verwys as dat *die tafel gedek is*.⁸⁵

'n Variasie op die uitdrukking *Zum Kuckuck noch mal* [Liewe hemel, goeiste], ook as die spreker 'n end kwater is, is

Teufel noch ein Mal [Duiwel nog 'n keer] of *Zum Teufel noch ein Mal*.

Nog 'n uitdrukking met *Kuckuck* is⁸⁶

Geh zum Kukuk [Loop na die maan].

Twee uitdrukkings omtrent grimmigheid wat algemeen gebruik word, is:⁸⁷

Donnerwetter [donderweer] of
alle Wetter.

'n Hele aantal uitdrukkings bestaan wat gebruik word om gevoelens wat kan wissel van verrassing tot ongeloof aan te dui:

Ach du Liebe! [Ag, goeiste!]

Meine Güte! [My goeiste!]

Meine Liebe! [My goeiste!]

Ach du liebe Strohsack! [Letterlik: Ag, my liewe strooimatras!]; betekenis: Ag, goeiste!

As iemand maar stadig is, of nie te gou snap wat bedoel word nie, is hy 'n *Trussel* of *Trusseltier* (hoewel die woord nie in 'n woordeboek gevind kon word nie, het dit die betekenis van aartsdraaikous, iemand wat baie stadig is), soos in: Maak gou, Trussel!

Dit kom oorspronklik uit 'n rympie wat lui

Lieber Gott, ich bin ein Trusseltier

mach ein' bess'ren Mensch aus mir!

'n Bron⁸⁸ het vertel dat 'n predikant in haar tyd die rympie opgesê het vir 'n kind in die katkisasieklass wat nie te danig vlug van begrip was nie.

As iemand "iets onnoosliks sê of doen",⁸⁹ is gesê:

Du dröckel[st] oder *dräpst* [geeneen van die woorde kon in 'n woordeboek gevind word nie].

⁸⁴ M. Punt, geb. Heins, ongepubliseerde manuskrip "Lewensherinneringe" (twee dele), 1977, s.p.

⁸⁵ Mededeling, Ruth Ellmann, geb Hörstmann, 1992, Philippi.

⁸⁶ Vraelys, Gottie Schultz, 1989, Philippi.

⁸⁷ L. Rabe. Persoonlike waarnemings tydens sosiale interaksie in die gemeenskap.

⁸⁸ Mededeling, Malchen Hörstmann, geb. Buhr, 1986, Philippi.

⁸⁹ Vraelys, Gottie Schultz, 1989, Philippi.

'n Luiard word 'n *Schlappschwanz* genoem - direk vertaal "moenie so slapstert wees nie". 'n Kind wat tydsaam iets afhandel, veral as hy stadig sit en eet, sal aangemoedig word met

"Kom nou, Professor *Brotfresser!*" [Kom nou, professor Broodvreter!]

Die Platduitse

teuv' mal

beteken "wag 'n bietjie" en is 'n verbuiging van die werkwoord *teuven* [om te wag].

'n Groet in Platduits wat selfs nog onder jonger geslagte gehoor word, is

Wie gait's? Wie geht es? [Hoe gaan dit?]

Nog 'n Platduitse groet is⁹⁰:

Latt dat gaut gehen ['n Groet as iemand vertrek: "Laat dit goed gaan].

'n Uitdrukking wat met kleredrag te doen het, is die volgende⁹¹

Pingsossen [Pinksterosse], met die variasie *Pfingsossen*,

wat gesê is as mense uitgevat is vir 'n geleentheid:

"Hulle lyk soos 'n klomp *Pingsossen/Pfingsossen*"

Die twee bronne meen dit kom van die ou Duitse gebruik om osse met blomkrans om die nek met Pinkster deur 'n dorp se strate te jaag.

As iemand na sekere lede van sy familie lyk, met ander woorde as hy byvoorbeeld na die moeder se familie trek, is gesê:⁹²

Use Carl, der schlückt na die Schultzes. [Ons Carl, hy trek na die Schultze].

Mense met 'n swak soort karakter is *Gwachen* genoem. Een bron onthou:⁹³

As my pa gesê het: *Nein, mein Kind, sie sind Gwachen*, dan het jy geweet jy moet wegbly van hulle. Hy het 'n sekere soort [...]mens, seker maar 'n lae klas, só genoem. Hoekom, weet ek nie. Maar as Papa gesê het, *Nein, Kind, die sind Gwachen*, dan het jy geweet jy bly weg. En ons het presies geweet van watter soort mens Papa gepraat het.

'n Afskeidsgroet wat ook nog onder die ouer geslag gehoor word, is *Wiedersehen macht Freude!*⁹⁴

Ten slotte, 'n groet wat in 'n sekere sin die humorsin, lewensvreugde en lewensingesteldheid, maar ook geborgenheid en gemeensaamheid weerspieël van

⁹⁰ Vraelys, Gottie Schultz, 1989, Philippi.

⁹¹ Onderhoude, Idi Bode, geb Schultz, en Fidi Schultz, 1992, Philippi.

⁹² Onderhoude, Idi Bode, geb Schultz, 1992, Philippi.

⁹³ Onderhoud, Ilse Ellmann, geb. Freiboth, 1992, Philippi.

⁹⁴ Mededeling, Arnold Kohrs, 1994, Philippi.

familie- en vriendskapsbande wat letterlik eeue terugstrek, van 'n ander kontinent, en wat in Philippi voortgesit is, is die groet waarmee nog steeds by geleentheid afskeid geneem word⁹⁵:

So jung sehen wir uns nimmer wieder! [So jonk sien ons mekaar nooit weer nie!].

Slotsom

Die gebruik van sekere uitdrukkings deur die afstammeling-gemeenskap van Philippi-Vlakte toon hulle spesifieke Duitse herkoms en unieke identiteit.

Hoewel sommige van die uitdrukkings al hoe minder gehoor word, is talle nog in die daaglikse omgangstaal in gebruik en is die kansse goed dat dit nie sommer sal uitsterf nie, selfs al word al minder Duits/Platduits/"Philippi-Duits" as deel van die omgangstaal in die gemeenskap gebruik.

Die gemeenskap bly 'n fassinerende onderwerp vir verdere kultuurhistoriese ondersoeke, ook as opvolgstudie van die outeur se doktorsale proefskrif wat 'n dekade gelede voltooi is.

Die onverbiddelike aanstap van die tyd bepaal - vereis - dat die kultuurhistoriese soos weerspieël in waardes, gebruike, segswyses en uitdrukkings opgeteken word, want, inderdaad:

So jung sehen wir uns nimmer wieder.

⁹⁵ L. Rabe. Persoonlike waarneming tydens sosiale interaksie in die gemeenskap.